

GRONDREGTE IN SUID-AFRIKA: 'N 19DE EEUSE TRANSVAALSE PERSPEKTIEF¹

J.S. Bergh

*Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis
Universiteit van Pretoria
0002 Pretoria*

Land rights in South Africa: a 19th century Transvaal perspective

When analysing the settlement of whites in the Transvaal during the 19th century, it becomes clear that at least in some instances whites were infringing on traditional African land. Although African reserves were demarcated in the 19th century, the land allocated for this purpose was limited and not all African groups were involved. Because of various considerations it would however be difficult for the present South African Government to use this information as the predominant basis for a possible policy of land restitution before 1913.

'n Ontleding van blanke vestiging in Transvaal in die 19de eeu, toon duidelik aan dat daar ten minste in sommige gevalle inbreuk op tradisionele swart grond gemaak is. Hoewel daar reservate vir swart groepe in die 19de eeu afgebaken is, is slegs beperkte grondgebied daarvoor aangewend en was nie alle swart groepe daarby betrokke nie. Vanweë verskillende oorwegings sou dit egter vir die huidige Suid-Afrikaanse regering moeilik wees om 'n moontlike beleid vir die herstel van grondregte voor 1913 regstreeks op sulke inligting te baseer.

Die "historiese" grondverdeling tussen blank en swart in Suid-Afrika het teen die einde van 1994, met die aanvaarding van die *Wet op Herstel van Grondregte (No. 22 van 1994)*, weer prominensie geniet. Die Wet maak voorsiening vir eise in verband met die herstel van grondregte tot sover terug as die *Naturellen Grond Wet (No. 27 van 1913)*. Veral die Inkhata-Vryheidsparty (IVP) en die Pan Africanist Congress (PAC) het egter ernstig daarteen beswaar gemaak dat nie ook voorsiening gemaak is vir grondeise van voor 1913 nie.² Die aandrang hiervoor sal ongetwyfeld voortgesit word. In die lig daarvan word in hierdie artikel 'n poging aangewend om grondverdeling tussen blank en swart in Transvaal gedurende die 19de eeu na te gaan en om kortliks aandag te gee aan die moontlike implikasies daarvan vir die huidige debat.

Grondbesetting deur blankes

Grondverdeling tussen blank en swart in die voormalige Transvaal het reeds kort nadat die Voortrekkers hulself in 1839 permanent noord van die Vaalrivier gevestig het, 'n aanvang geneem. Die Voortrekkers het hulself aanvanklik in die westelike en sentrale dele van Transvaal gevestig en daarvandaan uitgebrei. Eers in 1845 het blanke boere hul in Oos-

Die finansiële bystand gelewer deur die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling (RGN, Suid-Afrika) vir hierdie navorsing word hiermee erken. Menings uitgespreek en gevolgtrekkings waartoe geraak is, is dié van die outeur, en moet nie noodwendig aan die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling toegeskryf word nie.

Debate van die Nasionale Vergadering, 8 November 1994, Kolomme 4222 - 4223 en 4233 - 4234.

Transvaal en in 1848 in Noord-Transvaal gevestig.³

Die vestiging van blankes het spoedig inbreuk gemaak op die tradisionele woongebiede van swart groepe. Dit het in 'n groot mate voortgevloei uit die bepaling dat blanke mans wat hulself voor 1852 in die gebied noord van die Vaalrivier gevestig het, elk op twee plase geregtig was. Met die standaard plaasgrootte van ongeveer 3 000 hektaar het dit uit die aard van die saak meegebring dat vinnig uitgebrei is. Teen 1840 het blanke plase al so ver wes as die Makwassiespruit gestrek, ooswaarts tot by die Suikerbosrand en noordwaarts tot noord van die Magaliesberge, noord van die huidige Rustenburg. In 'n noordwestelike rigting is plase selfs so ver as die bolope van die Molopo- en Maricorivier aangeteken en in 'n noordoostelike rigting tot in die omgewing van die teenswoordige Pretoria.⁴

Hierdie vinnige uitbreiding het 'n al hoe groter moontlikheid geskep dat op tradisionele grondgebied van swart gemeenskappe in dié dele oortree sou word. Die onstabiele en onderdanige posisie waarin swart gemeenskappe in dié gebied in die tydperk voor die koms van die Voortrekkers verkeer het, sou ongetwyfeld hulle vermoë om teen blanke indringing weerstand te bied, benadeel het. Dit is gevolglik geensins verrassend om aanduidings te kry van blanke vestiging op tradisionele swart grondgebied in hierdie tyd nie. Net in die tydperk vanaf Junie 1839, toe die eerste aantekeninge vir plase noord van die Vaal klaarblyklik gemaak is, tot einde 1840, is ten minste 14 plase aangeteken met die naam "Kafferskraal". Hierdie plase was versprei oor die hele bogenoemde gebied.⁵ Die plaasname is ten minste 'n sterk aanduiding dat dit swart grondgebied was. Dit is natuurlik ook moontlik dat van hierdie plase hul naam verleen het aan swart nedersettings wat vroeër daar was. Hierdie swart groepe kon byvoorbeeld as gevolg van die bedreiging van Mzilikazi weggetrek het of selfs, soos in die geval van die Motsha-Kgatla, vanweë botsings met die intrekkende blanke boere.⁶ Benewens hierdie plase is in die beskrywing van die ligging van ander plase ook vermeld dat hulle aangrensend aan swart krale geleë was.⁷ Daarbenewens is in enkele gevalle die naam van die swart stat wat op die betrokke plaas geleë, of in die onmiddellike omgewing daarvan was, in die plaasnaam opgeneem — byvoorbeeld "De Magatashoek"⁸ en "De Sebedela Stad".⁹ 'n Oppervlakkige ondersoek het verder aan die lig gebring dat hierdie tendens in die daaropvolgende jare voortgesit is. In die tydperk 1841 tot 1849 kon byvoorbeeld, benewens talle plase met die naam "Kafferskraal", sonder veel moeite ten minste 32 gevalle soortgelyk aan die bogenoemdes opgespoor word. In die meeste gevalle word in die beskrywing van die ligging van die plase verwys na 'n betrokke swart stat wat aangrensend daaraan of in die onmiddellike

J.S. Bergh, Die vestiging van die Voortrekkers noord van die Vaalrivier tot 1840, *Historia* 37(2), 1992, pp. 42-45; P.J. van der Merwe, Die Matebeles en die Voortrekkers, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1986 II, pp. 306, 414-416.

J.S. Bergh, Die vestiging van Voortrekkers ..., pp. 44-47.

Transvaalse Argiefbewaarpark (TAB), RAK 2433, folio 5, no. 12, 3/6/1839; folio 6, no. 60, 8/7/1839; folio 10, no. 201, 15/1/1840 en no. 220, 16/1/1840; folio 11, no. 258, 4/3/1840; folio 12, no. 281, 26/5/1840 en no. 295, 13/7/1840; folio 13, no. 327, 22/7/1840 en no. 332, 3/8/1840 en no. 337, 4/8/1840; folio 132, no. 191, 13/7/1840; folio 141, no. 433, 30/10/1840; folio 145, no. 551, 5/11/1840 en no. 560, 6/11/1840.

J.S. Bergh, Die verhouding tussen die BaKgatla BagaMotsha en die blankes in die Landdrostrik Pretoria tot 1881, *Historia* 24(2), 1979, p. 2.

7. TAB, RAK 2433, folio 8, no. 125, 16/11/1839 ("Aan Selonstad").

8. TAB, RAK 2433, folio 14, no. 365, 8/8/1840.

TAB, RAK 2433, folio 14, no. 388, 7/10/1840.

nabyheid daarvan was.¹⁰ In enkele gevalle is die betrokke swart leier se naam in die plaasnaam opgeneem.¹¹ In ten minste drie gevalle dui die ligging van die plase daarop dat die betrokke swart gemeenskap op die plaas self gevestig was.¹²

Dit kan aanvaar word dat hierdie praktyk elders in Transvaal en in die res van die 19de eeu voortgesit is. 'n Ontleding van die plase wat tussen 1845 en 1847 te Ohrigstad vir Oos-Transvaal aangeteken is, lewer byvoorbeeld beide ten opsigte van die plaasnaam "Kafferskraal" en die ander voorgenoemde kategorieë dieselfde resultate op.¹³ Teen die einde van die 19de eeu was daar verder onder meer agt plase in Transvaal met die naam "Kafferkraal", 22 met die naam "Kafferskraal", twee met die naam "Kaffirkraal" en "Kafferstad" en een "Kaffirslokasie".¹⁴

Die toekenning van swart gebiede tot 1899

Dit wil voorkom of verskeie swart gemeenskappe die nuwe Voortrekkerowerheid vir grondgebied genader het kort nadat die Ndebele van Mzilikazi uit die Transvaal verdryf is en te midde van blanke vestiging en uitbreiding noord van die Vaalrivier. Moilwa, die Hurutsheleier, het byvoorbeeld in 1871 voor die Bloemhofkommissie getuig dat hy die Voortrekkerleier Andries Hendrik Potgieter by Mooirivier versoek het om die grond wat hy tevore bewoon het, weer aan hom en sy volginge toe te staan. Potgieter sou aan hierdie versoek voldoen en selfs ook die grense van die Hurutshegebied omskryf het. Die dokument waarin dié omskrywing uiteengesit is, is volgens Moilwa deur Potgieter in bewaring geneem.¹⁵ Die toestaan van grond aan die Rolong het skynbaar 'n soortgelyke verloop geneem. Volgens Matlaba, leier van die Rapulana-Rolong; het Potgieter grond aan die Rolong in die Moloporivieromgewing beloof, maar hulle aangesê om eers in die omgewing van die Mooirivier te vertoef tot tyd en wyl eersgenoemde afgebaken is.¹⁶ Volgens nog 'n weergawe van ander Rolong sou hulle Potgieter met die ekspedisie teen Mzilikazi gehelp het juis met die verstandhouding dat, indien hulle die oorwinning sou behaal, hulle weer hulle vorige grondgebied sou kon bewoon.¹⁷

Regeringsinstansies het in die vroeë vestigingsjare van tyd tot tyd voorsiening gemaak vir die aanwys van grondgebied vir swart gemeenskappe - onder meer in Desember 1851 deur die Krygsraad en in 1853 deur die Volksraad. Bepalings hieroor is ook in die

-
10. TAB, RAK 2433, folio 154, no. 845, 26/8/1841; folio 157, no. 936, geen datum; folio 161, no. 1039, 30/12/1846; folio 162, no. 1050, 26/3/1847 en no. 1052, 5/8/1847 en no. 1057, 26/3/1847 en no. 1062, 16/3/1847 en no. 1069, 15/11/1847; folio 17, no. 71, 23/8/1847; folio 18 no. 87, 16/11/1847; folio 19, no. 108, 23/3/1848; folio 20, no. 136, 27/6/1848; folio 21, no. 176, 21/01/1848; folio 22, no. 179, 25/10/1848 en no. 181, 28/10/1848; folio 24, no. 243, 22/2/1849; folio 40, no. 381, 19/6/1849 en no. 403, 6/7/1849 en no. 404, 6/7/1849; folio 44, no. 528, 8/7/1849; folio 45, no. 543, 27/9/1849 en no. 545, 27/9/1849; folio 47, no. 587, 31/10/1849; folio 49, no. 646, 30/11/1849 en no. 649, 1/12/1849 en no. 656, 8/12/1849; folio 50, no. 666, 10/12/1849.
 11. TAB, RAK 2433, folio 162, no. 1051, 26/3/1847, no. 1057, 16/3/1847 en no. 1068, 17/3/1847.
 12. TAB, RAK 2433, folio 24, no. 251, 28/2/1849; folio 42, no. 462, 30/7/1849; folio 44, no. 522, 30/8/1849.
 13. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Transvaal I* (Kaapstad, g.d.), pp. 167-197: Bylae 9 van 1845, Register van aantekening van plase behorende onder Andries Ohrigstad, 1845-1847.
 14. H.F. Marriott, *Alphabetical index to farms of the Transvaal* (Johannesburg, 1904), pp. 120-121.
 15. *Evidence taken at Bloemhof before the Commission ...* (Cape Town, 1871)(hierna *Bloemhof Blue Book 1871*): getuienis van Moilwa, 3/6/1871, pp. 316-317.
 16. *Bloemhof Blue Book 1871*: getuienis van Matlaba, 2/6/1871, p. 363.
 17. *Bloemhof Blue Book 1871*: getuienis van Moroka, 4/5/1871, pp. 137-138; en getuienis van Molema, 6/5/1871, pp. 144-145.

konseprondwet van 1855 en die veldkornetinstruksies van 1858 ingeskryf. Later, met Wet 3 van 1876, is spesifiek bepaal dat die woongebied van groter swart gemeenskappe deur die regering vasgestel en aangewys sou word.¹⁸

Hoewel daar klaarblyklik geen wet bestaan het wat 'n swartman of swart gemeenskap verbied het om grond aan te koop nie, kon hulle nie grond in eiendom besit nie. Die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) was in elk geval nie gretig om swartmense toe te laat om grond te koop nie. Tog het daar tot 1877 gevalle voorgekom waar swart gemeenskappe grond aangekoop het - hoofsaaklik wanneer sendelinge namens hulle sulke transaksies aangegaan het. Gedurende die Britse besettingstydperk is swart gemeenskappe meer vrylik toegelaat om self grond aan te koop, maar dié grond moes in trust vir hulle in die naam van die Sekretaris van Naturellesake gehou word. Die Koninklike Kommissie het hierdie trustbeginsel aanvaar en bepaal dat een van die amptenare die trustee moes wees. Uiteindelik is dit met die Konvensie van Pretoria (1881) neergelê dat die oordrag van grond wat swart gemeenskappe aangekoop het in naam van die Naturelle Lokasiekommissie, wat toe ingestel is, moes geskied.¹⁹ Met die Konvensie van Londen (1884) het hierdie vereiste verval en het die Uitvoerende Raad van die ZAR in Januarie 1886 besluit dat dié grond in die naam van die Superintendent van Naturellesake oorgedra moes word.²⁰

Die Konvensie van Pretoria het nie uitdruklik die verkryging van grond deur individuele swartes verbied nie. Tog was dit duidelik dat die bepaling ten opsigte van grondaankoop in die praktyk net op swart gemeenskappe betrekking gehad het. Die bedoeling met hierdie vergunning was klaarblyklik dat in gevalle waar grondgebied deur die Lokasiekommissie aangewys onvoldoende was, die betrokke swart gemeenskappe langs hierdie weg in staat gestel moes word om self bykomende grond te bekom.²¹

Tot 1881 het swart gemeenskappe dus reeds op verskillende maniere grond in die hande gekry. Die aanwys van grondgebied of reservate vir swart gemeenskappe het egter eers werklik op dreef gekom en op 'n sistematiese wyse geskied met die instelling van die Naturelle Lokasiekommissie deur die Konvensie van Pretoria in 1881. Die Lokasiekommissie moes "... voor de naturellen-stammen van den Staat zoodanige lokaties uithouden als waartoe zij volgens regt en billijkheid geregtigd mogen zijn, in het oog houdende de feitelijke occupatie van zoodanige stammen." Dié swart "lokaties" of reservate moes duidelik afgebaken word en, in gevalle waar grond van blanke boere daarvoor aangewend moes word, sou kompensasie, soos deur die Volksraad vasgestel, toegestaan word.²²

Ingevolge die bepalings van die Konvensie sou die Lokasiekommissie uit drie lede bestaan, naamlik die president van die ZAR (of die visepresident of 'n verteenwoordiger), die Britse resident (of sy verteenwoordiger) en 'n derde lid op wie die eersgenoemde twee ooreen moes kom. Visepresident Paul Kruger en die Britse resident, George Hudson, het in 1881 besluit dat H.J. Schoeman, kommissaris vir swartes van die distrikte Pretoria en Heidelberg en latere lid van die Volksraad en Uitvoerende Raad, die derde lid van die Lokasiekommissie sou wees. Die Uitvoerende Raad het ook in November 1881 besluit dat die Superintendent van Naturellesake, P.J. Joubert, Kruger in die Lokasiekommissie sou

-
8. W.A. Stals, Die Kwessie van Naturelle-eiendomsreg op Grond in Transvaal, 1838-1884, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 1972 II, pp. 4-5, 53.
 19. W.A. Stals, Die Kwessie van Naturelle-eiendomsreg op Grond in Transvaal, 1838-1884, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis* 1972 II, pp. 17, 19, 22-24, 36, 46-48, 56, 61.
 20. *De Locale Wetten 1849-1885* (Pretoria, 1887), pp. 1250-1259: Conventie, 27/2/1884.
 21. W.A. Stals, Die Kwessie van Naturelle-eiendomsreg, pp. 67-68.
 22. *De Locale Wetten 1849-1885*, p. 1007: Conventie, 3/8/1881.

verteenwoordig. Fritz Stiemens was die sekretaris.²³ Later, nadat die Konvensie van Londen (1884) die Konvensie van Pretoria vervang het, het die samestelling van die Kommissie uiteraard ook verander. Volgens wat die Superintendent van Naturellesake in Junie 1891 aan die Volksraad meegedeel het, is in elke distrik afsonderlik deur 'n vergadering wat deur die "Commissaris van Naturellen" byeengeroep is en wat uit die betrokke landdros, kommandant en veldkornette bestaan het, besluit aan watter swart gemeenskappe in daardie distrik reserwate toegeken sou word.²⁴

Een van die belangrikste riglyne wat vir die werksaamhede van die Lokasiekommissie neergelê moes word, was 'n norm vir die bepaling van die grootte van die swart gebiede wat afgebaken sou word. Die Lokasiekommissie het 5 tot 10 acre (ongeveer 2,2 tot 4 hektaar) per huishouding aanbeveel, maar in Mei 1882 het die Uitvoerende Raad en Volksraad op ongeveer 4 - 6 acre (1,6 tot 2,7 hektaar) per huishouding besluit. Hierdie norm is egter twee keer hierna deur die Uitvoerende Raad aangepas. Eers het hulle vier maande later die vryheid aan die Lokasiekommissie gegee om tot ongeveer 12 acre (5 hektaar) per huisgesin toe te staan in gevalle waar vroeër reeds meer as die voorgenoemde hoeveelheid grond aan swart gemeenskappe gegee is. In Augustus 1883 is dit verder aangepas om ruimer voorsiening te maak vir vroeëre ooreenkomste met en grondaankope deur swart gemeenskappe. In sulke gevalle kon daarna selfs meer as 12 acre (5 hektaar) per huisgesin toegelaat word.²⁵ Uit die verrigtinge van die Lokasiekommissie blyk dit verder dat die geaardheid van die grond — bv. klipperig, rotsagtig of bergagtig — ook 'n belangrike rol in die finale bepaling van die grootte van reserwate gespeel het.²⁶ Ten spyte egter van die moontlikheid van ruimer voorsiening was daar swart gemeenskappe wat soms reeds by die toekenning en afbakening van hulle reserwate by die Lokasiekommissie gekla het dat dit te klein was om 'n behoorlike bestaan op te kon maak.²⁷

Nog 'n belangrike uitgangspunt van die Kommissie was dat 'n reservaat 'n aaneengeslote gebied moes wees en nie uit meer as een stuk moes bestaan nie. Grond wat 'n betrokke swart gemeenskap buite hulle afgebakende reservaat besit het, sou onder die "Plakkerwet" val — wat beteken het dat net vyf huishoudings per plaas toegelaat is.²⁸ Swart gemeenskappe wat na die oordeel van die Lokasiekommissie te min in getal was of om 'n ander rede nie 'n reservaat kon kry nie, sou ook onderworpe aan die bepalings van die "Plakkerwet" wees²⁹ - Wet No. 11 van 1887, soos gewysig deur Wet No. 21 van 1895.³⁰

-
23. *De Locale Wetten 1849-1885*, pp. 1006-1007: Conventie, 3/8/1881; TAB, UR 6, URB, 30/11/1881 art. 160, pp. 89-90; *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II* (Kaapstad en Johannesburg, 1972), p. 650; TAB, SN 177, Notule Lokasiekommissie, 29/4/1882, p. 6 en 9/5/1882, p. 7.
 24. TAB, EVR 48, EVB, 11/6/1891 art. 373, pp. 129 en 132.
 25. TAB, SN 177, Notule Lokasiekommissie, 3/10/1882 art. 15, pp. 10-11; UR 6, URB, 11/5/1882 art. 190, p. 199; EVR 23, VRB, 25/5/1882 art. 224, p. 177; UR 6, URB, 26/9/1882 art. 314, p. 274; UR 6, URB, 16/8/1883, art. 44B, p. 372.
 26. TAB, SN 177, Notule Lokasiekommissie, 1/6/1885 art. 49, p. 28 en 17/6/1890, p. 75 en 15/11/1889, p. 97.
 27. TAB, SN 177, Notule Lokasiekommissie, 6/8/1890, p. 87 en 15/8/1890, p. 91 en 15/8/1892, p. 152.
 28. TAB, SN 177, Notule Lokasiekommissie, 26/12/1887, pp. 43-45.
 29. Sien TAB, SN 177, Notule Lokasiekommissie, 27/12/1887 art. 80, p. 50 en art. 83, p. 52 en 9/1/1888 art. 94, pp. 58-59 en art. 106, p. 61 en 11/8/1890, p. 89. Dit wil egter voorkom of die plakkerswet ten minste in die geval van sendingstasies buite afgebakende reserwate nie streng toegepas is nie. (Sien *South African Native Affairs Commission 1903-1905*, volume IV (Cape Town, 1904): Evidence of Rev. E. Creux, 6/10/1904, p. 610).
 30. *De Locale Wetten 1886-1887* (Pretoria, 1888), pp. 151-152: Wet No. 11, 1887, 1/8/1887 en *De Locale Wetten 1895* (Pretoria, 1896), pp. 226-228: Wet No. 21, 1895, 16/9/1895.

Aanvanklik is reservate aan redelike klein swart gemeenskappe toegeken,³¹ maar in 1892 het die Lokasiekommissie standpunt ingeneem dat net swart gemeenskappe met meer as 500 huishoudings reservate kon ontvang. Dit het gevolg op ernstige besware wat in 1891 in die Volksraad teen die toestaan van reservate aan klein swart gemeenskappe geopper is.³²

Die Uitvoerende Raad het ook, op aandrang van die Lokasiekommissie, reeds in Mei 1882 'n besluit geneem oor vir watter swart gemeenskappe reservate afgebaken moes word. Die sewentien gemeenskappe waarop vir dié doel besluit is, was die Ndzundza-Ndebele van Mabhogo, die Pedi van Sekhukhuneland, die Koni van Mphahlélé, die Moletše-Kwena, die Koni van Matlala, die Langa-Ndebele, die Kekana-Ndebele van Mughombane (Makapane), die Kekana-Ndebele van Moletlane (Sebetiela), die Letwaba-Ndebele, die Hananwa van Mmalebôhò (Maleboch), die Westelike Venda onder Makhado, die Lobedu van Modjadji, die Magakala-Pedi onder Mafêfê, die Oostelike Venda onder Tshivhase, die Hurutshe van Gopane, die Fokeng van Mokhatlê (Magato) en die Phalane van Ramokôka.³³ Die Lokasiekommissie het met sy werksaamhede hom nie streng by hierdie lys gehou nie. Trouens, reeds in November 1884 het die Uitvoerende Raad besluit dat die Lokasiekommissie van dié lys mag afwyk, maar dat dit vir goedkeuring aan die owerheid voorgelê moes word. In Augustus 1893 het die Superintendent van Naturellesake die standpunt in die Volksraad gehuldig dat swart gemeenskappe wat oorspronklik met die oog op die toekenning van reservate uitgesonder is, slegs as voorbeelde van dié tipe gemeenskappe wat vir reservate sou kwalifiseer, genoem is.³⁴ Uit die notule van die Lokasiekommissie blyk dit, in aansluiting hierby, dat die loyaliteit en wetsgehoorsaamheid al dan nie van swart leiers beslis in sommige gevalle 'n deurslaggewende rol gespeel het in die besluit of vir hulle reservate afgebaken sou word. Hierdie benadering is in Junie 1891 deur die Staatspresident in die Volksraad bevestig.³⁵

In gevalle waar daar nie voldoende regeringsgrond vir die afbakening van swart gebiede beskikbaar was nie, is van die grond van private blanke boere teen vergoeding (indien moontlik gelykwaardige grond) gebruik gemaak.³⁶ Die kwessie van vergoeding het egter later daartoe gelei dat boere aangedring het op buitensporige bedrae geld en die Volksraad 'n besluit moes neem om dit teen te werk.³⁷ Probleme is ook ervaar met eienaars wat ná onteiening voortgegaan het om die swart bewoners van hulle voormalige grond lastig te val. In Augustus 1893 is 'n proklamasie uitgevaardig om dit te verbied. Ontevredenheid by boere oor die onteiening van hulle grond het in 1894 daartoe gelei dat die Volksraad besluit het dat die eienaar eers tot die kompensasie moes toegestem het alvorens onteiening kon geskied.³⁸ Volgens 'n perspektief wat die Staatspresident in 1891 verskaf het, kon ten minste sommige van die wrywing wat so tussen blank en swart ontstaan het, voortgespruit het uit oortreding deur blanke boere van 'n vroeëre bepaling dat hulle nie plase naby swart statte mag kry nie.³⁹

31. Sien TAB, SN 177, Notule Lokasiekommissie, 27/12/1887 art. 81, p. 51 en 9/2/1888 art. 89, p. 56.

32. Sien TAB, SN 177, Notule Lokasiekommissie, 26/7/1892, pp. 112, 113 en 31/8/1892, p. 160; EVR 48, EVB, 11/6/1891 art. 373.

33. TAB, UR 6, URB, 11/5/1882 art. 191, pp. 199-200.

34. TAB, UR 7, URB, 19/11/1884 art. 293, p. 27; EVR 54, EVB, 6/9/1893 art. 1320, p. 163.

35. TAB, SN 177, Notule Lokasiekommissie, 9/2/1888 arts. 86, 89, 93 en 111, pp. 54-56, 58 en 64-65 en 25/7/1890, p. 76; EVR 48, EVB, 12/6/1891 art. 374, p. 146.

36. TAB, UR 7, URB, 19/11/1884 art. 293, p. 27 en URB, 30/6/1885 art. 244, pp. 181-182.

37. TAB, VRB, 23/5/1888 arts. 187-190.

38. *De Locale Wetten 1890-1893* (Pretoria, 1894), pp. 897-898: Proklamasie, 18/9/1893; TAB, EVB, 3/9/1894, art. 1569.

39. TAB, EVR 48, EVB, 12/6/1891 art. 374, pp. 145-146.

Die afbakening van swart gebiede was 'n groot onderneming wat lank geduur het. Die Lokasiekommissie het sy eerste byeenkoms reeds op 29 April 1882 gehad. Die laaste inskrywing in die notuleboek van dié Kommissie is vyftien jaar later op 24 Augustus 1897 gemaak.⁴⁰ Die werksaamhede van die Kommissie is van tyd tot tyd deur faktore buite sy beheer vertraag. Die Kommissie sou byvoorbeeld met die afbakening van die gebied van die Ndzundza-Ndebele van die Distrik Middelburg in Oktober 1882 begin, maar dit moes gestaak word vanweë die vyandige en gespanne verhouding wat besig was om op te bou. Die afbakeningswerksaamhede van die Kommissie het gevolglik amper eers 'n jaar later in die Distrik Rustenburg 'n aanvang geneem.⁴¹ Dit was dus geensins verbasend dat die Volksraad ongeduldig met dié uitgerekte proses geraak het nie. In Augustus 1891 het die Volksraad dit aan die regering opgedra om so spoedig moontlik die afbakening van swart gebiede af te handel. In September 1893 het die Volksraad weer die dringendheid hiervan onderstreep. Dié liggaam het toe onder meer bepaal dat indien die swart gemeenskappe vir wie, volgens die 1891-besluit, nog gebiede afgebaken moes word, nie binne 'n jaar die grond wat hulle aangewys sou word, aanvaar nie, hulle dit verbeur.⁴²

Die Lokasiekommissie was ongetwyfeld regstreeks vir die meeste swart gebiede wat in Transvaal afgebaken is, verantwoordelik. Daar het nogtans ook ander reservate onafhanklik van die Lokasiekommissie tot stand gekom. Die reservate in die distrikte Lichtenburg en Marico is tipiese voorbeelde daarvan.

Onafgehandelde swart reservate teen die einde van die ZAR-tydperk

Teen die einde van die ZAR-tydperk was daar 'n aantal prominente swart gemeenskappe aan wie nog nie reservate toegestaan was nie. Vyf van die sewentien gemeenskappe wat in die Uitvoerende Raadsbesluit van Mei 1882 genoem is vir wie reservate afgebaken moes word,⁴³ het byvoorbeeld teen 1899 nog nie reservate gehad nie. Dié gemeenskappe was die Ndzundza-Ndebele van Mabhogo, die Hananwa van Mmalebôhò (Malaboch), die Westelike Venda van Makhado (en sy opvolger Mphephu), die Magakala-Pedi onder Mafêfê en die Oostelike Venda onder Tshivhase. Die eersgenoemde drie gemeenskappe was in vyandelikhede met die ZAR betrokke en dit het ongetwyfeld daartoe bygedra dat daar nie reservate vir hulle afgebaken is nie. Hoewel daar blykbaar in die geval van Makhado voorlopig 'n grens tussen hom en die blanke boere aangetoon is en die Lokasiekommissie in Februarie 1888 besluit het om 'n selfstandige reserwaat vir hom af te baken, is dit nooit afgehandel nie. Die rede daarvoor was klaarblyklik Makhado en sy volgelinge se volgehoue weiering om 'n sensus in hulle gebied te laat opneem op grond waarvan die grootte van hulle grondgebied bepaal kon word. Hulle het ook beweer dat daar reeds tevore met hulle oor die omvang van hulle gebied ooreen gekom is en dat dít, wat hulle betref, voldoende was.⁴⁴ Ten opsigte van Tshivhase en Mafêfê is dit egter onduidelik waarom daar nagelaat is om vir hulle voorsiening te maak.⁴⁵

40. TAB, SN 177, Notule Lokasiekommissie, 29/4/1882, p. 6 en 24/8/1897, p. 169.

41. TAB, SN 177, Notule Lokasiekommissie, 3/10/1882 arts. 13, 14, pp. 9-10 en 6/10/1882 - 7/10/1882 arts. 17-19, pp. 11-12; UR 6, URB, 4/9/1882 art. 296, p. 264 en URB, 11/10/1882 art. 316, p. 275 en URB, 9/8/1883 art. 40B, p. 369.

42. TAB, EVR 49, EVB, 3/8/1891 art. 1232 en EVR 54, EVB, 6/9/1893 art. 1322.

43. TAB, UR 6, URB, 11/5/1882 art. 191, pp. 199-200.

44. TAB, SN 177, Notule Lokasiekommissie, 24/2/1887, 9/2/1888 art. 114 en 8/5/1895, pp. 37, 66 en 165-167.

45. TAB, LA 13, Recommendations Native Location Commission 1908: Reports on Tshivase's and Mafefe's Locations by E.H. Hogge and W.E. Kolbe, n.d.

In Julie 1892 het die Lokasiekommissie met 'n aantal swart gemeenskappe in die omgewing van die Letabarivier onderhandel oor reservate vir hulle. Die Lokasiekommissie het aan hulle verduidelik dat alvorens reservate aan hulle toegestaan kon word, hulle almal tot suid van die Letaba moes trek omdat die gebied noord van dié rivier vir blanke vestiging en benutting bedoel was.⁴⁶ Dit het uit die aard van die saak groot vertraging meegebring sodat hulle gebiede nie in die ZAR-tydperk aangetoon is nie. Hierbenewens was daar ook verskeie ander swart gemeenskappe aan wie van tyd tot tyd beloftes vir die aanwys van reservate gemaak is, maar waarby nie uitgekom is nie. Verder was daar ook gemeenskappe wie se aanspraak nie onder die aandag van die Lokasiekommissie gekom het nie, maar wat klaarblyklik vir reservate sou kwalifiseer.⁴⁷

Die afbakening van swart gebiede in die ZAR is dus deur die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) onderbreek. Na afloop van die Oorlog is weer hieraan aandag gegee. Teen 1910 was daar 85 swart reservate in Transvaal.⁴⁸

Enkele gevolgtrekkings en perspektiewe

Dit is duidelik dat blanke boere in die loop van die 19de eeu grond in Transvaal tradisioneel deur die swartman bewoon en benut is, beset het. Dit is ook duidelik dat slegs beperkte grondtoekennings in dié tyd aan swart gemeenskappe gemaak is. Hierdie aangeleentheid is egter meer ingewikkeld en gekompliseerd as wat dit op die eerste oogopslag mag blyk. Die beperkte voorafgaande data bied byvoorbeeld nouliks 'n sterk genoeg grondslag vir die regering van die dag om 'n beleid vir die moontlike herstel van grondrege te baseer.

In die eerste instansie is dit nodig om te weet of die betrokke grond wel bewoon was toe dit deur blanke boere beset is. Dit is byvoorbeeld bekend dat in ten minste sommige gevalle swart groepe in die westelike deel van Transvaal tydens die tydperk wat die Khumalo-Ndebele van Mzilikazi daar regeer het en gedurende die onstabiele periode wat dit voorafgegaan het, weggetrek en selfs eers heelwat later teruggekeer het. Hierdie groepe sluit die volgende in: vier Rolonggroepe, die Hurutshe, die Kgafela-Kgatla onder Pilane, die Kgatla onder Motsepe, die Sefanyetso-Taung onder Khosane, die Mogale-Po onder die regent Semetsa, die Hwaduba-Ndebele, verskeie Kwenagroepe, die Bogatsu-Tlokwa van Tlôlwe en die Fokeng onder Nôgê.⁴⁹

Dit is ook van belang om in aanmerking te neem dat, nadat die Voortrekkers die Khumalo-Ndebele van Mzilikazi verslaan en verdryf het, hulle op grond van die reg van verowering aanspraak gemaak het op die gebied waaroor Mzilikazi regeer het. Hierdie gebied sluit die grootste deel van die teenswoordige Sentraal- en Wes-Transvaal in.⁵⁰ Dit is bekend dat ten minste sommige van die swart gemeenskappe van dié gebied dit so

46. TAB, SN 177, Notule Lokasiekommissie, 15/7/1892 - 28/7/1892, pp. 100-136.

47. *Report by the Commissioner for Native Affairs relative to the Acquisition and Tenure of Land by Natives in the Transvaal* (Pretoria, 1904), p. 73.

48. *Transvaal Native Affairs Department, Annual Report for the Period 1st July, 1909, to 31 May 1910* (Pretoria, 1911), Appendix No. 1, p. 73.

49. R.K. Rasmusen, *Migrant Kingdom: Mzilikazi's Ndebele in South Africa* (Cape Town, 1978), pp. 98-110, 102-103, notes 4-7 on p. 193; P.L. Breutz, *The Tribes of Rustenburg and Pilansberg Districts* (Pretoria, 1953), pp. 56, 64, 111, 125, 127, 144, 148, 160-161, 164, 177, 182, 198, 202, 232-233, 248, 257; P.J. van der Merwe, *Die Matebeles en die Voortrekkers, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 1986 II*, p. 141.

50. J.S. Bergh, *Die vestiging van die Voortrekkers noord van die Vaalrivier tot 1840, Historia 37(2)*, 1992, p. 42.

aanvaar en die Voortrekkers versoek het om grondgebied vir hulle aan te wys.⁵¹

Dit moet verder in gedagte gehou word dat die swart gemeenskappe van Transvaal op hulle beurt weer van die tradisionele grondgebied van ander inheemse gemeenskappe voor hulle, soos die San en Khoikhoi, verower en beset het. Swart gemeenskappe het ook van tyd tot tyd grondgebied van mekaar in veldtogte verower. Die vraag sou gevra kon word of, indien as maatstaf vir die herstel van grondregte die verowering en grondbesetting van die verlede gaan geld, daar een of ander keerdatum vasgestel gaan word. Verder, of net gevalle van verowering en besetting deur blankes in aanmerking geneem gaan word.

Dit is dus duidelik dat die grondbesetting van die verlede vele kante en probleme openbaar. Hoewel die blootlegging daarvan deur historiese navorsing waardevolle insigte aan beleidmakers van die dag kan bied in die uitvoering van hul taak, kan dit beswaarlik 'n absolute maatstaf word vir die herstel van grondregte. Dit sal uiters moeilik wees om op 'n weldeurdagte en regverdige wyse die herstel van grondregte in die voormalige Transvaal tot sover terug in die verlede as die 19de eeu te voer. Al word pogings aangewend, kan die historiese navorsing om betroubare inligting saam te stel baie lank neem. Selfs daarna sal die betekenis en geldigheid daarvan na alle waarskynlikheid betwis word.

51. *Bloemhof Blue Book 1871*: getuienis van Moilwa, 3/6/1871, pp. 316-317; getuienis van Matlaba, 2/6/1871, p. 363.